# AFDELING D

## STUDENTEAANGELEENTHEDE

# HOOFSTUK XI

## STUDENTEAANGELEENTHEDE

1. INLEIDING

1.1 'n Onderkomitee bestaande uit die Rektor (Voorsitter), proff. B.C. Schutte, D.P.J. Smith, H.C. van Rooy, S.P. van der Walt, H. Venter en S.J. Preller (Opnamebeampte) is deur die Sentrale Opnamekomitee aangewys om verslag te doen oor studenteaangeleenthede aan die P.U. vir C.H.O.

1.2 Op 7 Junie 1965 het die onderkomitee vergader en die veld van ondersoek soos volg omlyn :

(a) Die amptelik erkende studenteorganisasies soos die Studenteraad en liggame onder sy patronaat;

(b) verenigings wat nie onder die patronaat van die Studenteraad ressorteer nie, soos die Letterkundige Vereniging, Regsvereniging ens.;

(c) die onderlinge verhoudinge van die studente buite die georganiseerde verenigings-, sport- of studentelewe, waarby ook die verhouding eerstejaarstudent tot seniorstudent ter sprake kom;

(d) die student se verhouding na buite in sy kerk, politieke en openbare lewe;

(e) die student se akademiese lewe word deur die Sentrale Opnamekomitee ondersoek, bv. verhouding student-dosent;

(f) die student in die koshuislewe;

(g) die student se ouers.

1.3 Op dieselfde vergadering is besluit om die hulp van die Studenteraad in te roep ten einde 'n skakel met die studentegemeenskap te verkry.

1.4 Op 11 Junie het die Studenteraad die tweede vergadering van die Onderkomitee bygewoon en het die Studenteraad ingestem om ten volle mee te werk en aanbevelings voor te lê.

1.5 Op 19 Junie het die Onderkomitee, met inagneming van die ontvange aanbevelings van die Studenteraad, besluit om die volgende werkswyse te volg :

(a) Aan die Studenteraad word geleentheid gegee om vooraf die terrein te verken. Op 24 Junie e.k. sal die Studenteraad skriftelik verslag doen en in Augustus sal lede van hierdie Komitee met die betrokke lede van die Studenteraad in verbinding tree.

(b) Die volgende aspekte sal deur lede van hierdie Komitee met behulp van lede van die Studenteraad ondersoek word :

(i) die statutêre liggame en liggame nie onder die patronaat van die Studenteraad nie : prof. H. Venter, mnre. R. Monster, S.J. du Plessis, C.F. Nel en J.E. Bradley;

(ii) onderlinge verhoudinge van studente : prof. S.P. van der Walt, mnre. D.J. van Wyk en L.J. van der Walt;

(iii) die student se verhouding tot instellinge buite die Universiteit : prof. D.P.J. Smith, mnre. R.J.P. du Plessis en A. le R. du Plooy;

(iv) die student se akademiese lewe in verhouding tot al die voorafgaande en die student se ouer in hierdie hele konstellasie : prof. B.C. Schutte, mnre. D.J. van Wyk, N.J. van der Merwe, P.J. van der Walt en L.D. Aucamp;

(v) die student in die koshuislewe : prof. H.C. van Rooy, mnr. A.L. Coetzer en mej. C. Schutte.

1.6 Die aangewese lede van die Studenteraad het hulle verslae oor die betrokke aspekte in Augustus ingedien, en met dié verslae as uitgangspunt het die aangewese lede van die Onderkomitee en Studenteraad, gesamentlik en eenstemmig, die rapport wat volg, uitgebring.

2. STATUTêRE EN NIE-STATUTêRE ORGANISASIES

2.1 Opdrag

2.1.1 ꞌn Opname moet gemaak word van die „statutêre" liggame en liggame wat nie onder die patronaat van die Studenteraad staan nie. Dit gaan dus om die konstitusioneel gereglementeerde aspek van die studentelewe soos beliggaam in die grondwet en huishoudelike reglement van die Studenteraad en soos dit in die praktyk toegepas word en funksioneer.

2.1.2 Aangesien sport deur ꞌn ander vaste komitee volledig onder die loepe geneem word, is dit hierby uitgeskakel.

2.2 Prosedure

2.2.1 By hierdie opname is twee lang samesprekings met vier lede van die Studenteraad van 1965 gevoer, terwyl die volle Komitee ook ꞌn onderhoud gehad het met dr. D.C.S. van der Merwe, mnr. J.D. van der Vyver, prof. W.J. de Klerk en mnr. S.J. du Plessis.

2.3 Bevindinge

2.3.1 Die Studenteraad

2.3.1.1 Dit staan ondubbelsinnig en sonder kompromie op die beginsel van hierdie Universiteit, geniet erkenning van die Raad van die Universiteit en is ꞌn liggaam met regspersoonlikheid.

2.3.1.2 Die Grondwet stel ŉ tweeledige doel :

(a) die handhawing met gesag van die Calvinistiese en Christelik-nasionale lewensbeginsels vir sover dit op sy terrein val;

(b) die handhawing (lees : behartiging) en beskerming van die belange van die ingeskrewe Universiteitstudente.

Opm. (1) Dit kom voor asof die gesag van die S.R. eensydig geformuleer is : dit het net gesag om die beginsels te handhaaf.

(2) Ook die tweede doelstelling is vaag geformuleer en dit moet verder in ŉ reglement uiteengesit word.

2.3.1.3 Die lede van die S.R. word op drieërlei wyse verkies :

(a) VYF, wat die Dagbestuur vorm en die vyf funksionarisse is : voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, ondersekretaris en penningmeester, word deur die studentekorps („massa") genomineer; die aftredende S.R. stel twee-, drie- of viertalle uit die ontvange nominasies, waaruit die stemgeregtigde lede van die hele studentekorps die Dagbestuur in ope verkiesing aanwys.

Opm. (1) Hierdie verkiesing is op drieërlei wyse beswaar :

(1) Blykens die formulering in die Studentehandboek stel die kieskollege twee-, drie- of viertalle, sodat nie alle genomineerdes verkiesbaar is nie. In die praktyk is hierdie stelsel reeds gewysig : daar word nie meer net twee-, drie- of viertalle gestel nie. Die Kieskollege - tans die aftredende Studenteraad - het egter nog keuringsreg.

(2) Iemand moet deur ŉ voorsteller en tien sekondante genomineer word.

(3) Stemregkwalifikasies is bywoning van 50% vergaderings (vermoedelik „massavergaderings") en geslaagde aflegging van die Studentehandboekeksamen.

(b) ŉ Verteenwoordigster van die dames moet ook op soortgelyke wyse genomineer en gekeur word, en dieselfde stemregkwalifikasies geld, maar sy word net deur damestudente verkies.

Opm. Dat die dames so uitsonderlik bevoorreg word, het klaarblyklik historiese redes : selde of nooit kom ŉ dame langs ŉ ander weg in die Studenteraad.

(c) Uit elk van die hoofliggame van die S.R., t.w. die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.), die Korps Veritas Vincet, die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (A.B.K.K.) en die Sentrale Sportbestuur (S.S.B.), word twee lede deur die lede van die betrokke liggaam self tot Studenteraadslede verkies.

Opm. (1) Hierdie agt lede verteenwoordig belangerigtings in die S.R. en nie liggame nie.

(2) Die stemregkwalifikasies is nie gelyk nie : A.S.B. vereis bywoning van 75% vergaderings en Korps 100%, terwyl dit by die A.B.K.K. en S.S.B. bepaal word deur die grondwet en reglement van hulle onderliggame.

(3) Die liggame self is nie gelyk nie : in die A.S.B. word elke ingeskrewe student as ipso facto-lid aanvaar tot hy skriftelik die teendeel te kenne gee; by Korps moet aangesluit word; die A.B.K.K. behels vyf kulturele organisasies, waarby aangesluit moet word; die S.S.B. behels sewentien sportklubs, waarby ook aangesluit moet word.

Die uitgangspunt hier is egter nie kwantitatiewe (persoons-) verteenwoordiging nie maar kwalitatiewe belangeverteenwoordiging.

2.3.1.4 In sy samestelling wil die Studenteraad dus twee beginsels tot hulle reg laat kom, nl.

(1) ŉ enigsins beswaarde demokratiese beginsel van massaverteenwoordiging in die minderheid maar juis die ampsdraers of funksionarisse van die Raad;

(2) belangeverteenwoordiging, t.w. die Calvinistiese (Korps V.V.), die Christelik-nasionaal-„politiese" (A.S.B.), die kulturele (A.B.K.K.) sport en ontspanning (S.S.B.) en die dames, en hoewel hierdie belangegroepe nòg kwantitatief nòg prinsipieel kwalitatief gelyk is, gee dit ŉ houdbare verdeling.

2.3.1.5 Kragtens sy samestelling is die Studenteraad dus die spits van ŉ piramidale struktuur, en dit is ook die bedoeling van die grondwet : dit moet ŉ Studenteraad wees en nie ŉ „Studente-Verteenwoordigende Raad" nie. Dit berus daarop dat die Studenteraad ŉ verantwoordelike bestuur moet wees wat nie noodwendig die kieserskorps met „een man een stem" verteenwoordig nie. Dit wil belange verteenwoordig en behartig van groepe studente wat hulle met ŉ bepaalde doel verenig : beoefening en bestudering van die Calvinistiese beginsel, die Christelik-nasionaal-„politiese" ens.
Hierin word meteen ook die beginsel van soewereiniteit in eie kring erken. Dat ŉ student self deur aktiewe en verantwoordelike deelname aan die werksaamhede van die vereniging(s) waaraan hy behoort, moet sorg dat hy stemgeregtig is, berus weer daarop dat stemreg ŉ plig is, nie ŉ vanselfsprekende reg nie : dit is ŉ reg wat verdien moet word.

2.3.1.5.1 Dat die studentelewe intussen al hoe meer faksioneel word, is egter nie hieraan - of ten minste nie net hieraan - toe te skryf nie. Dit hang saam met ŉ hele kompleks van tendense en faktore :

(1) Die Universiteit word al groter, en daarmee word die studente en hulle belange al hoe meer heterogeen en uiteenlopend.

(2) Dit is ŉ kenmerk van die moderne mens dat hy al meer teen georganiseerdheid gekant raak.

(3) Gebrek aan leiershoedanighede is ook ŉ belangrike faktor .

2.3.1.5.2 Maar ŉ „demokratiese" wyse van samestelling sal hierdie tendense en faktore ook nie besweer nie - getuie die feit dat mense gedwing moet word om as kiesers te registreer en te stem en dan nog tydens Volks- en Provinsiale Raadsverkiesings na die stembus aangery moet word.

2.3.1.6 Die funksies van die Studenteraad is reeds hierbo gedeeltelik as sy doelstellings gegee : handhawing met gesag van die beginsels en behartiging en beskerming van studentebelange.

2.3.1.6.1 In die reglement van die Studenteraad word die funksies van die afsonderlike lede duidelik uiteengesit, maar as funksies van die Raad as geheel geld alleen dat dit erkenning aan hoofliggame verleen, onderworpe aan sekere voorwaardes; dat dit die dra van P.U.-kleure beheer, eretoekennings doen en komitees benoem.

2.3.1.6.2 Die lede van die Studenteraad met wie samesprekings gevoer is, is dit eens dat die Studenteraad soos dit tans funksioneer, eerder ŉ koördinerende en administratiewe liggaam as ŉ gesags- en bestuursliggaam is.

2.3.1.6.3 Dit lyk asof sy funksies op die oomblik meer in ooreenstemming met sy samestelling as met sy behoorlik verskanste gesag is.

Opm. (1) Die Studenteraad sal moet oorweeg om sy funksies te hersien, sodat dit grondwetlik en reglementêr ŉ bestuursliggaam word wat beleid in die studentelewe en -sake bepaal en nie net koördinerende liggaam van groeps- of faksionele belange is en/of word nie.

Beleid kan bepaal word byvoorbeeld ten opsigte van die gedrag van ŉ P.U.-student na buite en na binne; hoe intervarsities gehou word; hoe inlywing/inburgering moet geskied, ens.

(2) Daar kan gerus oorweging geskenk word aan die mate en wyse van leiding wat die Studenteraad as liggaam èn deur sy afsonderlike lede èn deur senior studente kan gee. ŉ Baie verontrustende verskynsel is dat senior studente in ŉ aansienlike mate uit die koshuise gaan en hulle aan die studentelewe onttrek.

2.3.2 Die hoofliggame

2.3.2.1 Daar is twee hoofliggame wat „enkelvoudig" is, t.w. Korps V.V. en die A.S.B. Twee is bestuurs- of koördinerende liggame, nl. A.B.K.K. en die S.S.B.

2.3.2.2 In die verenigingslewe is die studente geweldig georganiseer en gereglementeer. Dit is nie meer altyd die geval dat 'n hoofliggaam net koördinerend is nie, maar dit moet ook al die onderliggame aktiveer. Uiteindelik loop dit daarop uit dat hierdie hoofliggame eintlik nog net bestaan of staande gehou word sodat die Studenteraad voltallig kan wees. 'n Grondige ondersoek na en heroorweging van hierdie toestand kan groot voordeel inhou.

2.3.2.3 Dit val op dat onder die statutêre liggame, verenigings en klubs daar nie een enkele een is - die Studenteraad ingesluit - wat nie na bo verslag van sy werksaamhede moet lewer nie. Dit bring al inderdaad teweeg dat daar besture is wat net vergader om verslag uit te bring. Daar is gevolglik verskillende liggame wat nie meer funksioneer nie maar net besture het sodat byvoorbeeld die A.B.K.K. saamgestel kan word. Wat van die hoofliggame geld, geld dus ook van al die verenigings en klubs wat hulle saamstel.

2.3.2.4 Aan die indruk kan nie ontkom word nie dat hierdie georganiseerdheid en gereglementeerdheid van die verenigingslewe èn die ontplooiing van leierskap èn die openbaring van inisiatief demp. Dit lyk asof daar eerder na administrateurs en werkers as na leiers gesoek word. Daar word nie voldoende premie op leierskap geplaas nie.

2.3.2.5 'n Teoretiese en miskien denkbeeldige gevaar wat, hoewel 'n onwaarskynlike gebeurlikheid, tog aandag verdien, vloei voort uit die feit dat eerstejaarstudente 'n „kleurpunt" moet verwerf, onder andere deur verpligte bywoning van sekere vergaderings. Dit bring inderdaad al mee dat daar verenigings is waarin meer eerstejaar- as senior studente stemreg het. Die bg. gevaar is dat eerstejaarstudente sulke verenigings by die verkiesing van besture kan domineer deur dié te verkies - sy dit dan seniors - wat vir hulle aanneemlik is of hulle belangstelling en waardering probeer wen.

Opm. Reeds in 1962 is die aandag op dié gevaar gevestig dat eerstejaars tot 'n verenigde groep „lotsverbondenes" gesmee kan word.

2.3.3 Die nie-statutêre verenigings

Daar bestaan enkele sodanige - meestal vak- - verenigings. Die Studenteraadslede het meegedeel dat hulle ook maar 'n sukkelbestaan voer weens gebrek aan belangstelling en geld. Die Studenteraad oorweeg reeds hoe hierdie verenigings gehelp kan word, en met die oog daarop word die inskakeling onder die patronaat van en verteenwoordiging in die Studenteraad oorweeg.

2.3.4 Buitemuurse/Deeltydse studente

2.3.4.1 Hierdie studente - hoofsaaklik nagraadse en aandstudente - is ook deel van die studentekorps waarvoor die Studenteraad hom beywer, maar hulle het weinig of geen deel aan die georganiseerde studentebedrywighede, hoewel 'n aantal aan een of meer sportsoorte deelneem. (In die atletiek het van hulle 'n groot verskil in die prestasies van ons spanne o.a. in die Dalrymplekompetisie teweeggebring).

2.3.4.2 Soos uit die samesprekings met die studenteraadslede blyk, oorweeg die Studenteraad hoe om aan hierdie groep verteenwoordiging in die Raad te verskaf of om 'n „buitemuurse afdeling" van die Studenteraad te skep. Verteenwoordiging van ingeskrewe P.O.K.-studente kan ook oorweeg word.

2.3.5 Algemeen

2.3.5.1 Daar is enkele belangrike probleme waarmee die Studenteraad worstel :

(a) Moet Die Wapad 'n blad wees wat die „S.R. na die mond praat", of moet dit 'n onafhanklike studenteblad wees waarin vryuit opinies gelug word, die Studenteraad selfs gekritiseer word?

(b) Wat gaan die posisie van die S.S.B. wees nou dat 'n Sportinstituut in die lewe geroep is met 'n Sportdirekteur aan die hoof daarvan? Indien die S.S.B. nou defunk raak, gaan die samestelling van die Studenteraad getref word, maar die Studenteraad gaan ook sy gemoeidheid met hierdie belangrike vertakking van die statutêr georganiseerde studenteaktiwiteite verloor.

Dit lyk asof die S.S.B. om hierdie redes as 'n hoofliggaam onder patronaat van die Studenteraad sal moet bly voortbestaan en dat die Sportdirekteur daarmee skakel, miskien adviserend daarby ingeskakel word.

(c) Inlywing van eerstejaars bly 'n groot probleem. Die Studenteraad het besluit om dit finaal af te skaf en alle inlywingsaksies stop te sit. Inlywing moet vervang word deur voorligting en leiding deur verantwoordelike senior studente.

2.3.6 Studentetoere

2.3.6.1 Terwyl studentetoere deel van die statutêr georganiseerde studentelewe vorm, word die volgende voorgestel as reglement vir Raadsverteenwoordigers wat sulke toere vergesel :

2.3.6.2 Reglement vir Raadsverteenwoordigers of Reisouers

1) Reise wat deur studente van slegs een geslag onderneem word word deur 'n Reisvader (vir mans) en 'n Reismoeder (vir dames) en gemengde groepe word deur Reisouers vergesel.

2) Die Reisvader/moeder/ouers word op aanbeveling van die Studenteraad deur die Rektor benoem, is die hoogste gesag in die toergroep en is verantwoording teenoor die Raad en Senaat van die Universiteit verskuldig.

3) Die Studenteraad mag 'n Studenteraadsverteenwoordiger benoem om die reis te vergesel.

4) Die Reisvader/moeder/ouers moet sover as moontlik saam met die studente reis en bly en toesien dat die lede van die toergroep hulle hou by die bepalings soos vervat in die Algemene Reglement vir Studentetoere en moet die algemene dissipline van die groep handhaaf.

5) Binne sewe dae na afloop van die toer moet die Reisvader/moeder/ouers 'n skriftelike verslag daaromtrent by die Rektor indien.

6) As vergoeding vir bogenoemde dienste bied die Raad die volgende aan :

(i) Die Studenteraad of sy gevolmagtigde tref die nodige reis- en verblyfreëlings vir die Reisvader/moeder/ouers en is verantwoordelik vir die vereffening van die betrokke rekening. Na afloop van die reis eis die Studenteraad die betrokke bedrag van die Universiteit. Fakture moet voorgelê word.

(ii) Vir insidentele uitgawes ontvang die Reisvader/moeder R1 en Reisouers gesamentlik R2 per dag van die Raad.

7) Indien die Studenteraad sy eie verteenwoordiger saamstuur, is hyself verantwoordelik vir die reis-, verblyf- en insidentele uitgawes van sy verteenwoordiger volgens bogenoemde voorwaardes.

8) In die geval van Thalia- en Alabama- en dergelike reisgeselskappe wat gaan toer met die doel om geld in te samel, is die Studenteraad verantwoordelik vir die reis-, verblyf- en insidentele uitgawes van die Reisouers.

2.4 Slot

2.4.1 Die grootste probleem agter al bg. probleme is moontlik die naoorlogse mens wat in weelde opgroei en nie altyd in die ouerhuis en in die skool tot geharde, beginselvaste en verantwoordelike mens gevorm word nie. Ons veg teen 'n nie altyd geïdentifiseerde liberalisme, wat met die Calvinisme van hierdie Universiteit onversoenbaar is.

2.4.2 Die vraag in hierdie verband is of die konstitusionele georganiseerdheid van ons studentelewe dit vir beginselvaste seniors wat die leiding kan neem, moontlik maak om dit wel ten volle te

doen. Die ideaal moet seker wees 'n georganiseerdheid waarin daar plek is vir elke student met leiershoedanighede om hom, meer nog as in die verlede, volgens ons beginsels ook as leier uit te lewe en sodoende by te dra tot die uitbouing van 'n unieke studentelewe aan 'n unieke universiteit. Daar <u>moet</u> in ons georganiseerde studentelewe geleentheid wees om 'n karakteristieke lewenstyl te kweek wat die oorgrote meerderheid van ons studente tot hulle grys is, as „Pukstudent" sal laat ken.

2.4.3 Vir die voortbestaan van hierdie Universiteit is dit van lewensbelang.

## 3. ONDERLINGE VERHOUDINGE VAN STUDENTE

### 3.1 <u>Belangrikheid van 'n gesonde studentelewe</u>.

3.1.1 Die universiteitslewe is 'n voorreg wat slegs sommige bevoorregte jongmanne en -vroue ten deel val, en dit is noodsaaklik dat die tyd goed bestee word, uitgekoop word. Die Universiteit moet die nodige atmosfeer skep waar beginsels 'n goeie grondslag vorm vir wetenskaplike toerusting, waar selfstandigheid gekweek word en waar vorming 'n noodsaaklike deel is van die eie lewenstoerusting.

3.1.2 Die Universiteit is 'n plek vir studie en 'n plek om gevorm te word tot 'n mens van God vir elke goeie werk volkome toegerus.

3.1.3 Daar is dus drie dinge : kennis, ontwikkeling en vorming. Daartoe moet sowel die klaskamer as die studentelewe in sy verskillende aspekte meewerk.

3.1.4 Enkele aanhalings uit 'n werkie van Lorimer illustreer dit duidelik. „College doesn't make fools; it develops them. It doesn't make bright men; it develops them." As hy aan sy seun skryf en meld waarom hy hom universiteit toe stuur, antwoord hy : „I want to tell you to be sure not to understudy. What we are really sending you to Harvard for is to get a little of the education that's so good and plenty here. When it's passed around you don't want to be bashful, but reach right out and take a big helping every time, for I want you to get your share. You'll find that education is about the only thing lying around loose in this world, and that it's about the only thing a fellow can have as much of as he's willing to haul away."

3.1.5 "There are two parts of a college education - the part that you get in the schoolroom from the professors, and the part that you get outside of it from the boys. That's the really important part. For the first can only make you a scholar, while the second can make you a man."

3.1.6 Dit moet duidelik wees dat die studentesamelewing op gesonde grondslag moet rus en dat die Christelike beginsel wat ons bely, geensins beperk kan word tot die klaskamer nie maar besonderlik deur die studentelewe geadem moet word.

3.1.7 ŉ Gesonde studentelewe aan ons Universiteit is daarom van die uiterste noodsaak en, so nie, word die universiteit ŉ verderflike plek, sonder enige verskil van enige ander universiteit, geesloos, tradisieloos, godloos en liberalisties, waar slegs enkeles in weerwil van ŉ ongesonde klimaat hulself kan bly, getrou aan beginsels wat van huis uit meegebring is.

3.2 <u>Dreigende gevare</u>

3.2.1 Ons studentegemeenskap het ŉ groot gesonde kern, waarvoor ons dankbaar kan wees. Die groot meerderheid mans en dames handhaaf ŉ mooi eerbare lewenswyse en gee ŉ gesonde toon aan. Ons verwagtinge word selde teleurgestel. Maar ons Universiteit word in getalle groter en groter, en dit bring mee dat ons oë oop moet wees vir dreigende gevare, wat nou nog wel sporadies gemerk en dikwels aangevoel word.

3.2.2 Dit is nogal eienaardig dat die posisie aan ons Universiteit eintlik net andersom is as in ons volkslewe. In ons volkslewe vorm die klein aantal Calviniste ŉ suurdeeg wat in die groot volksdeeg ingelê word en moet deurwerk. Aan ons Universiteit word ŉ klein maar aktiewe groep aangetref wat weer ŉ suurdeeg kan wees om ŉ verkeerde atmosfeer te laat deurwerk, ŉ suurdeeg wat miskien nog nie as liberalisties bestempel kan word nie, maar wat ooglopend nie-Calvinisties is. Dit kan nie verontagsaam word nie. Selvorming in ŉ studentegemeenskap voorspel groot gevare, veral waar die massa geleidelik gekondisioneer kan word.

3.2.3 Dit moet duidelik wees dat daar nogal verskillende lewensbeskouinge is onder sommige studente, en dit kan dreig om ŉ groepsgees te laat ontwikkel, wat, vroeër of later, by ŉ groter wordende universiteit ŉ probleem kan skep. Dit spreek derhalwe vanself dat die groei van die Universiteit toenemende klem op die opvoedingsfunksie daarvan, soos reeds hoër op uiteengesit is, sal plaas.

## 3.3 Verhoudinge op die Kampus

### 3.3.1 Mans en dames

3.3.1.1 Die verhouding van mans en dames op 'n universiteit is iets unieks en verskil nogal van sodanige verhoudings buite die studentelewe. Die andersoortigheid is daarin geleë dat 'n groot aantal mans en dames daagliks in mekaar se geselskap verkeer in lesingsale, op die kampus, in die kafeteria, by sportgeleenthede en op programvergaderings. Die verhouding op hierdie gebiede kan as goed bestempel word waar beide geslagte mekaar met agting bejeën. Tog is daar 'n gebrek aan kameraadskap, spontane joviale saamdoen, miskien te wyte aan groter getalle wat mekaar nie ken nie. Binne die koshuise word kunsmatig probeer deur intertees tussen mans- en dameskoshuise om 'n goeie verhouding te bewerkstellig en om mekaar beter te leer ken.

#### 3.3.1.2 Sosiaal

3.3.1.2.1 Algemene sosiale geleentheid is maar min. Daar is maar enkele dinge wat op georganiseerde wyse aangebied word waar mans en dames met mekaar op vrye voet saam aan kan meedoen. Daar word Maandagaande 'n driekwartier volkspele beoefen, waaraan gemiddeld 120 persone deelneem. Verder is die kafeteria en die terrein onmiddellik daarvóór 'n gewilde saamkomoord. Af en toe word op 'n Vrydagaand 'n film vertoon, wat goed bygewoon word. Op Saterdagaande is daar 'n toeloop na die bioskope. Op die kampus word dan weinig aangebied wat aantrek, met die uitsondering van 'n musiekkonsert af en toe. Dit word deur talle studente as 'n leemte aangevoel.

3.3.1.2.2 Te algemeen is die afparing van slepers wat ŉ bietjie rondstap en na intiemer verhoudings hulle afsonder. Hierdie plekke vir alleenheid, wat sekerlik in ŉ gevoelde behoefte kan voorsien, is baie skraal, met die gevolg dat donker hoekies opgesoek word, wat ongesond is vir ŉ goeie en ordentlike gemeenskap. ŉ Voorgestelde oplossing is dat kleiner ontvangskamers in die dameskoshuise voorsien moet word en/of dat sitkamers ingerig behoort te word met stoele met hoë leunings en oogklappe sodat twee-twee wel daar privaat kan wees en wel dan in ŉ huis waar die bedenklike omgang uit die weg sal wees.

3.3.1.2.3 Daar bestaan behoefte aan baie meer as die huidige 12 banke op die kampus. Aanbeveel word dat ŉ ruim aantal geskikte rusbanke so spoedig moontlik opgerig word.

3.3.1.2.4 ŉ Mens moet verwag dat in ŉ studentegemeenskap, waar baie al volwassenheid bereik het en etlike verloofde paartjies is, gewone hoflikheid eis dat dames verwag dat mans hulle offisieel sal nader om hulle uit te neem maar dit behoort nie ŉ algemene kameraderie te benadeel nie. Daarom juis sou ontspanningsale in ŉ groot behoefte voorsien, waar al die nodige gevind kan word om ŉ aangename gees te wek en waarheen almal met vrymoedigheid kan kom, sonder dat elke man met sy dame daar moet opdaag. Groepe mans en dames kan aldaar saamkom en mekaar se geselskap geniet. Soos sake tans staan, wag ŉ dame dat ŉ man haar moet vra, en die gevolg is dat meer as die helfte van die dames saans in hul kamers moet deurbring. Die gevoel bestaan ook onder studente dat universiteitsdames nogal hoë verwagtings op geldelike gebied van hul mansmetgeselle eis en dat die mans daarom skugter is om ŉ afspraak met ŉ dame te maak. Op die kampus sou al hierdie stywigheid verval, en dit sou bydra tot ŉ gesonde spontane verhouding.

3.3.2 <u>Seniors - eerstejaars</u>

3.3.2.1 <u>Inlywing</u>

3.3.2.1.1 In die verlede het die Studenteraad ŉ komitee gehad wat alle inlywingsaksies saamgestel het, maar die Studenteraad het self noulettend toesig gehou oor alle vorme van inlywing gedurende die eerste twee weke van die akademiese jaar. Tug is doeltreffend toegepas waar geoordeel is dat studente hulle aan ŉ junior vergryp. Nieteenstaande die tugmaatreëls het daar egter tog ongerymdhede voorgekom.

3.3.2.1.2 Op die oomblik is die hele saak van inlywing onder oorweging. Die Studenteraad het ŉ voorstel aan die massa voorgelê wat behels dat alle negatiewe, hoërskoolagtige aksies laat vaar word en dat besin word op ŉ positiewe program waarby die doel sal wees om die eerstejaar deel te maak van die studente-

lewe aan die P.U. vir C.H.O. Die vermaaklikheidsidee, waarby ɱ sogenaamde matriekkompleks by die eerstejaar afgebreek moet word, waarby verspotte kleredrag verplig word, die eerstejaars vir die gek gehou word e.d.m., word volkome laat vaar en daarmee die bekende inlywings- of ontgroeningsidee. In die plek daarvan word beoog ɱ proses van inburgering wat soos volg gestel is:

(a) Op akademiese gebied :

ɱ Stelsel van studentevoogdy van nagraadse senior studente oor eerstejaars sal die probleme waarvoor die eerstejaar te staan kom, verlig. Die stelsel moet egter op vrywillige samewerking van beide kante berus.

(b) Georganiseerde studentelewe :

(i) Die Studenteraad moet in die tweede of derde week oriënteringslesings, t.o.v. studenteraad, verenigings en sportlewe, voor ɱ vrywillige eerstejaarsgehoor lewer.

(ii) Wat die werwing van die eerstejaarlede deur die sportklubs en verenigings betref, is die ou stelsel van formele lesings nie voldoende nie. Die klubs en verenigings bereik nie die eerstejaars nie. Daar moet ɱ praktiese werwing van lede wees. Deur middel van vergaderings of geselllighede waarheen eerstejaars uitgenooi word, kan dit beter bewerkstellig word.

(iii) Die Studenteraad moet sy kleurvereistes in die verwerwing van kleurbaadjies opskuif en punte toeken vir die deelname aan sportklubs en verenigings.

(c) Ongeorganiseerde studentelewe :

Op hierdie gebied moet spontaneïteit beklemtoon word. Die studentelewe moet sy normale loop neem, en eerstejaars moet vrywillig en spontaan hierby inskakel. Intertees tussen koshuise asook ander kenmekaargeleenthede kan die inskakeling aanhelp.

3.3.2.2 <u>Na inlywing</u>.

Dit is al duidelik uit bostaande dat daar ɱ groot verandering ingetree het, reeds wat betref die erkenning van die eerstejaarstudent. Die allerhande werkies wat gedurende die eerste jaar vir seniores gedoen moet word, is iets van die verlede. Baie gouer as voorheen word ɱ volwaardige plek aan die nuwe aankomelinge toegeken, juis ook al omdat eerstejaarmans, na voltooiing van militêre diensplig, meer selfstandig na die Universiteit kom. Hierdie selfstandigheid bring mee dat senior en eerstejaar mekaar reeds vroeg in die jaar vind, en ɱ goeie verstandhouding is verseker.

### 3.4 Die Studenteraad

3.4.1 Die Studenteraad handhaaf sy gesag oor die breë studentelewe. Die massavergadering mag kritiek uitspreek en mag adviseer oor studenteraadsbesluite. Hulle mag hul gebrek aan vertroue uitspreek teenoor die leiding wat in bepaalde gevalle gegee word en dan mag die Studenteraad besluit om te bedank, maar dit het nog nie gebeur nie. Die verhouding van studente tot die Studenteraad is steeds welwillend, met die gevolg dat die gesag van hierdie Raad nie betwyfel word nie.

3.4.2 Dit mag beweer word dat die Studenteraad sy gesag meer moet laat geld, bv. op die kampus, waar nogal dikwels probleme opduik. Die ernstigste is seker die verhouding soms van mans tot dames, wat maar al te dikwels 'n bietjie klewerig is. Selfs op die strate is die arm-om-die-lyf-lopery steurend. Die vraag mag gestel word of dit werklik tot die jurisdiksie van die Studenteraad behoort en of dit nie 'n saak van hoër leiding is nie - van die Rektor. So gebeur dit ook dat daar wangedrag in die koshuise voorkom, veral voor intervarsities, waar vandalisme tot ingrype noop. Dit is duidelik gevalle waar die koshuisleiding moet optree en waar desnoods die Huisvader en die Rektor hul gesag moet laat geld. Nog 'n flagranter openbaring is wanneer die beginsels van die Universiteit in gedrang kom, byvoorbeeld dat die naam van die Universiteit in verband met dans in gedrang kom. Die Studenteraad tree wel op as so 'n wanpraktyk gedurende toere of met dinees voorkom. Op die kampus mag nie gedans word nie.

3.4.3 Ons moet hier meld dat die Studenteraad streng beheer uitoefen oor toekenning van Universiteitskleure aan tweedejaarstudente. Lewensbeskoulik is dit belangrik dat die Studenteraad elke jaar aan eerstejaars geleentheid bied om 'n Handboekeksamen te skryf. Hiermee word besondere erns aan die dag gelê, want enige student wat kleure wil verkry, moet in hierdie eksamen slaag. Die eksamen behels 'n historiese oorsig van die geskiedenis van die Universiteit, sy grondslag, sy eie karakter, sy oprigters, sy stryd vir die C.H.O.-beginsel, ens. Ook moet die kandidate kennis openbaar van die prosedure by verkiesing, stemreg en alle bedrywighede en doelstellings van die hoofliggame. Op hierdie wyse word 'n gesonde gees gekweek, en dit is goed dat studente grondige kennis dra van hul Alma Mater.

### 3.5 Studente- en verenigingslewe

3.5.1 Daar is 'n ryk vertakte verenigingslewe in ons studentegemeenskap. Die vernaamste onder die hoofliggame is seker Korps Veritas Vincet, reeds in 1895 gestig, die bestuur waarvan in die vroegste jare die Studenteraad gevorm het. Vir die vorming van die gesonder lewensbeskouing op die Calvinistiese grondslag word gesorg deur voordragte van Calviniste, wat 'n wye veld dek. Dit

is jammer dat studente die vergaderings swak bywoon, en Korps het nie baie lede nie. Dit gee die indruk dat ons studente nie voorkeur gee aan so 'n vereniging wat prinsipiële vorming bied nie. Eintlik behoort Korps, vanweë sy tradisie en doel, die eerste aanspraak te hê en deur die meerderheid van studente as keurorganisasie bevoordeel te word.

3.5.2 Die tweede hoofvereniging is die Afrikaanse Studentebond, wat op nasionale grondslag georganiseer is, hoofsaaklik by universiteite met Afrikaans as voertaal. Gesonde Christelik-nasionale beginsels word hier gepropageer. Die vereniging het 'n redelike groot lidmaatskap. Jaarliks word kongresse by verskillende universiteite gehou, en saam met so 'n kongres word voordragte gelewer en kulturele kompetisies gehou. Die deelname van ons studente is lofwaardig.

3.5.3 Onder die sosiaal-akademiese verenigings het ons verskillendes waaronder : die Teologiese Studentevereniging, die Maatskaplike Sorgvereniging, die Letterkundevereniging, die Regsvereniging, die Ekonomiese Vereniging, die Wysgerige Vereniging, die Sosiologiese Vereniging, die Huishoudkundige Vereniging, die Duitse studentevereniging, die „Dramatical Society". Die voortbestaan van hierdie verenigings is soms ook maar in die weegskaal vanweë swak ondersteuning. Miskien sal dit wel inspirerend werk as 'n voorneme van die huidige Studenteraad deurgevoer word om hierdie sosiaal-akademiese verenigings in 'n statutêre vereniging saam te snoer, met die reg om ook uit hulle midde twee studenteraadsverteenwoordigers te kies. Dit mag belangstelling prikkel tot gereelde deelname.

3.6 <u>Studente en Universiteitsfunksies</u>

3.6.1 Aan hierdie front heers daar volslae gebrek aan belangstelling van die kant van studente. Studente woon selde 'n inougurele rede of interfakultêre lesing by, behalwe miskien 'n paar wat die betrokke kursus loop. Dit is miskien ook te veel verwag dat studente 'n rede moet bywoon waarvan hulle weinig begryp.

3.6.2 Wat egter hinder, is die uiters swak bywoning deur studente van die openings- en sluitingsgeleenthede van elke semester. Dan word, getrou aan ons C.H.O.-beginsel, die klasse met Skriflesing en gebed geopen en gesluit, maar eintlik woon net die personeel dit by. Daar is al byvoorbeeld aan die hand gedoen dat die Studenteraad die studente byeenroep om hulle eie openings- en sluitingsfunksies te hou, maar daar het nog niks van gekom nie. Dit sou 'n pragtige en selfstandige belydenis wees van hul aanvaarding van ons beginsel.

3.6.3 Dit word aan die hand gegee dat daar ernstige pogings aangewend word om die studente ten opsigte van bywoning van universiteitsfunksies te aktiveer.

3.7 Ontspanning

3.7.1 Daar bestaan 'n verskeidenheid geleenthede vir ontspanning, en daar word goed gebruik van gemaak, nieteenstaande die gebreke wat aan 'n uitbreidende universiteit verwag kan word.

3.7.2 Die volgende ontspanningsgeleenthede bestaan :

Volkspele,
Thalia-toneelvereniging,
Alabama-orkes,
Debat,
Skaakklub en
Ontspanningskomitee.

3.7.3 Daar bestaan 'n groot behoefte aan 'n ontspanningsaal, 'n bietjie meer gerief as die harde stoele en bankies, waar ook binnenshuise sport beoefen kan word, soos tafeltennis, ens.

3.8 Sport

Hierdie aspek word volledig in 'n latere hoofstuk behandel.

4. DIE STUDENT SE VERHOUDING TOT INSTELLINGE BUITE DIE UNIVERSITEIT

4.1 Die student en sy kerk.

4.1.1 Die studente aan die P.U. vir C.H.O. behoort hoofsaaklik aan die drie Afrikaanse Kerke, nl. die Gereformeerde, die Nederduitse Gereformeerde en die Hervormde Kerk, alhoewel daar ook persone is wat aan ander kerke behoort, soos die Roomse Kerk, die Lutherse Kerk, en ook aan sektes, soos o.a. die Jehovagetuies.

4.1.2 Die dienste word na ons mening redelik goed in die oggend en in die aand bygewoon. Daar is egter studente wat in die opsig laks is en sonder gegronde rede of verskoning van die eredienste wegbly.

4.1.3 In aldrie die Kerke bestaan daar Jeugorganisasies: vir die Gereformeerde Kerk die J.V., vir die Hervormde Kerk ook die J.V. en vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk die K.J.V. Die kerkjeugleiers doen hulle bes om die studente te aktiveer vir die kerk en die verenigings. Hoewel daar verbetering kan plaasvind, kan ons nie sê dat die verenigings 'n sukkelbestaan voer nie. Die verenigings van aldrie die Kerke funksioneer op 'n koshuisbasis.

4.1.4 Die huisbesoek geskied deur aldrie die Kerke ten minste een keer voor elke nagmaal, en die nagmaal word goed bygewoon.

4.2 Die student en die politiek

4.2.1 Die studente behoort grotendeels aan die Nasionale Party, dog 'n klein minderheid is lede van die Verenigde Party.

4.2.2 Geen partypolitieke vergaderings word op die kampus gehou nie. Politieke leiers tree van tyd tot tyd voor die studente op dog nie ter direkte bevordering van die partypolitiek nie. Hierdie optrede vind nooit voor verkiesings plaas nie. Geen verkiesingsveldtogte word toegelaat nie omdat dit hoegenaamd geen vormende waarde het nie.

4.2.3 Daar bestaan ŉ tak van die Nasionale Jeugbond onder die studente en die organisering hiervan en van ander partytakke is toelaatbaar op die kampus. Die registrasie van kiesers kan langs enige van die offisiële kanale van die studente-organisasies geskied.

4.2.4 Die nasionale leiding en vorming van die student word deur die A.S.B. behartig.

4.3 Verhouding tot sosiale instellinge in Potchefstroom

4.3.1 In Potchefstroom is slegs een bioskoopsaal en ŉ inryteater. Die studente besoek hoofsaaklik die bioskoop in die dorp.

4.3.2 Die studente is van mening dat daar te min bioskope is. Daar is ook nêrens anders waarheen studente, veral op ŉ Saterdagaand, kan gaan nie. Studente vind dit ook nie aangenaam om die enkele bioskoop te besoek nie, gevolglik beoefen hulle ander en soms ongewenste afleidings.

4.3.3 Die inryteater word soms goed ondersteun veral op Saterdagaande wanneer vervoer beskikbaar is. Toegang is egter te duur.

4.3.4 Verskillende sportbyeenkomste vind van tyd tot tyd in Potchefstroom plaas en word goed deur studente ondersteun.

4.3.5 ŉ Geringe aantal studente neem ook soms aan huispartytjies deel, waarvan sommige gewens en ander ongewens is.

4.3.6 Ons tradisionele volksfeeste, Heldedag (10 Oktober) en Geloftedag (16 Desember) word deur ons studente swak bygewoon. Laasgenoemde val natuurlik in die vakansie, terwyl eersgenoemde gedurende bloktyd voor die eksamen plaasvind. Die studente se houding teenoor hierdie feeste is egter goed en die belangstelling oor die algemeen bevredigend.

4.4 Die P.U.-studente en ander onderwysinrigtings

4.4.1 Potchefstroom is ŉ opvoedkundige sentrum met baie skole wat die Universiteit voed, asook kolleges, soos die Onderwyskollege en die Landboukollege.

4.4.2 Volgens die beskikbare inligting bestaan daar ŉ goeie verhouding tussen ons en die ander inrigtings. Die Onderwyskollege is die naaste aan ons, en baie van sy studente is by ons ingeskrywe, sodat daar ŉ besondere verhouding bestaan. Daar is weliswaar soms spanning tussen studente van die twee inrigtings wanneer daar op sportgebied gewedywer

word, maar dit is van korte duur en sonder enige onaangename gevolge. Dit is klaarblyklik slegs uitinge van tipiese studentelojaliteit teenoor hul inrigting.

4.4.3 Die militêre kamp grens aan die P.U. vir C.H.O., en ook in hierdie geval heers goeie buurskap. Baie lotelinge kom uit die kamp na die Universiteit en ken dus die lewe daar. Die spanning van die oorlogsjare bestaan op die huidige oomblik nie meer nie. Die verhouding tot die militêre kamp verg positiewe optrede vir die toekoms.

## 5. DIE AKADEMIESE LEWE VAN DIE STUDENT

5.1 Die akademiese lewe van die student staan in die nouste verband met die aktiwiteite in die lesingsaal en laboratorium maar ook met die lewe op die kampus.

Aangesien die verband tussen die akademiese lewe van die student en die doseeraktiwiteite van die dosent in ŉ ander hoofstuk breedvoerig behandel word, sal die klem hier geplaas word op die beïnvloeding van die akademiese lewe deur die verenigings-, sport- en koshuislewe en deur die voorligtingsdiens.

### 5.2 Die akademiese lewe en georganiseerde studenteaktiwiteite

#### 5.2.1 Die verwelkoming

5.2.1.1 ŉ Groot meerderheid studente wat geraadpleeg is, is dit eens dat die ontgroening heelwat kosbare tyd en energie van sowel eerstejaar- as senior studente in beslag neem en boonop op ŉ tydstip waarin die grondslae vir studie in die verskillende vakke gelê word. Die akademiese aanpassing van eerstejaars word ongetwyfeld daardeur benadeel.

5.2.1.2 Vir die eerstejaarstudent is spoedige en effektiewe akademiese aanpassing essensieel, en hiertoe is planmatige optrede nodig. Die ontgroening van die verlede moet, soos reeds vroeër aangedui, omgeskep word in ŉ doeltreffende inleiding sowel tot die universiteitsgemeenskap as tot die akademiese lewe. Hierdie inburgering moet hoofsaaklik deur die Studenteraad en die seniores gedoen word, dog sowel ŉ aanmerklik uitgebreide voorligtingsdiens as voogdosente en -studente moet ŉ belangrike rol daarin speel. Dit is noodsaaklik dat die verwelkomings-, oriënterings- en voorligtingsbyeenkomste, toetse en noodsaaklike koshuisfunksies so spoedig moontlik en volgens ŉ vaste program afgehandel word, verkieslik voor die aanvang van die lesings, sodat veral die jong student rustig en planmatig kan toetree tot die universiteitslewe in al sy fasette en sonder om sy aandag in die begin van sy akademiese loopbaan onnodig te verdeel. Hoe gouer hy in die roetine van klasbywoning en studie kom, hoe beter. Dit is dikwels die swak begin wat tot latere mislukkings lei.

5.2.2 Die Handboekeksamen

Daar is weinig getuienis dat die voorbereiding vir en die afneem van hierdie eksamen 'n nadelige invloed op die akademiese lewe uitoefen. Met hierdie eksamen word die student georiënteer ten opsigte van die agtergrond en grondslag van die Universiteit en die georganiseerde studentelewe. Hierdeur word 'n groeplojaliteit gewek wat ook die akademiese lewe ten goede kom.

5.2.3 Die verenigingslewe

5.2.3.1 Deelname aan die verenigingslewe geskied op 'n vrywillige basis. Benewens die voordele verderaan in die hoofstuk oor Sport vermeld, bevorder deelname aan die verenigingslewe die groepsgees, prinsipiële oriëntering ten opsigte van vakkundige en algemene lewensvraagstukke en skep dit geleenthede vir verdieping in en toepassing van opgedane kennis en vaardighede, wat almal 'n positiewe invloed op die akademiese lewe behoort te hê.

5.2.3.2 Dit blyk uit studentegetuienis dat studentedeelname aan nie-statutêre vakverenigings nie na wense geskied nie. Dit is jammer, want in hierdie vakverenigings behoort die akademiese kennis in die lewe ingedra te word. Studente behoort derhalwe tot deelname aan sodanige verenigings gestimuleer te word - moontlik deur die sosiaal-akademiese verenigings statutêre status en verteenwoordiging in die Studenteraad te gee.

5.2.3.3 Gebalanseerde en gedifferensieerde deelname aan die verenigingslewe moet vanaf die eerste jaar aangemoedig word, en hierin het die Studenteraad, voogdosente en -studente en elke dosent 'n taak te vervul.

5.2.3.4 Studentedeelname aan sosiale en verenigingslewe sal moontlik gestimuleer word deur belangstelling deur dosente daarin, en dit mag weer gereflekteer word in verhoogde akademiese belangstelling by die studente.

5.2.4 Sport

Hierdie aspek word in die volgende hoofstuk breedvoerig behandel.

5.3 Die akademiese lewe en die koshuise

5.3.1 Koshuislewe is in verskeie opsigte vir studie bevorderlik, maar bemoeilik dit weer andersyds. In koshuise vind onderlinge hulpverlening en raadpleging plaas, maar daar ontstaan ook wrywing op akademiese en persoonlike vlak, wat albei die studieatmosfeer benadeel.

5.3.2 In die koshuise vind 'n gesonde wisselwerking tussen senior en junior studente plaas, wat beslis vir akademiese vorming bevorderlik behoort te wees. Voogstudente, gekeurde seniores, behoort waardevolle bydraes tot die akademiese vorming van veral eerstejaarstudente te lewer.

5.3.3 Koshuislewe bring mee dat inwonende nagraadse studente, en veral diegene wat met koshuispligte belas word, soms nie die nodige aandag aan hulle akademiese werk kan gee nie. Volgens verantwoordelike studentegetuienis word daar deur sekere studente, en soms in sekere kursusse, nie so hard gestudeer as wat dikwels voorgegee word nie.

5.3.4 Nagraadse studente voer ook aan dat hulle studie daardeur belemmer word dat hulle gedurende vakansietye elders moet gaan loseer. Genoemde faktore lei daartoe dat senior studente dikwels die koshuis verlaat.

5.3.5 Met die oog op die voorgaande word aanbeveel dat enkelkamers tot beskikking van nagraadse studente gestel word; dat nagraadse studente vergun word om onder bepaalde voorwaardes hulle kamers gedurende vakansietye te bewoon en dat huisvaders en huiskomitees ŉ atmosfeer wat vir studie bevorderlik is, in die koshuise moet skep.

5.4 Die akademiese lewe en die voorligtingsdiens

5.4.1 Daar bestaan by baie studente ŉ dringende behoefte aan ŉ groter mate van voorligting. Daar word wel op skool voorligting gegee. maar dit is selde spesifiek op die P.U. ingestel. Studente beweer dat hulle reeds op skool - en in baie gevalle alreeds in standerd VIII met die oog op vakkeuse vir toelating tot spesiale studierigtings, grade of diplomas - die behoefte aan voorligting met betrekking tot die P.U. ondervind het. Hulle voer aan dat die gegewens in die Jaarboek vir hulle te ingewikkeld gestel was en gee aan die hand dat ŉ aantreklike brosjure aan skoolvoorligters, -biblioteke en veral aan potensiële studente en hulle ouers gestuur moet word. In hierdie verband kan die Departement Ontwikkeling ŉ belangrike funksie vervul.

5.4.2 Studente ondervind ook dikwels gedurende die voorgraadse jare studie- en persoonlike probleme, en veral in die finale graadjaar word die kwessie van die beroep soms ŉ ernstige vraagstuk.

5.4.3 Met die oog op doeltreffende voorligting word aanbeveel dat nouer kontak met die student bewerkstellig moet word gedurende al die fases van sy studieloopbaan en wel soos volg :

5.4.3.1 Voor die koms na die Universiteit

(a) Hoe nouer die kontak tussen die Universiteit en sy voedingskole is, hoe beter sal die skool die student vir sy akademiese lewe voorberei. Hierdie kontak sluit in voorligting ten opsigte van toelatingsvereistes en vakvereistes vir bepaalde kursusse en sake soos aansoeke om toelating en om beurse en lenings asook inligting betreffende sport- en ander fasiliteite.

(b) Kontak voor die koms van die student met sy ouers en sy huis is noodsaaklik. In 'n latere paragraaf word hierdie saak weer aangeroer.

(c) Die Departement Ontwikkeling in samewerking met die Voorligtingsdiens het hier 'n belangrike arbeidsveld.

5.4.3.2 <u>By aankoms en registrasie</u>

(a) Voorligting vorm reeds 'n integrerende deel van die verwelkomingsprogram. Die voorligtingsdiens behoort egter uitgebrei te word, sodat dit in noue samewerking met die Studenteraad, voogdosente en -studente en huisvaders die inburgering op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse kan reël (kyk 5.2.1.2 hierbo).

(b) Die aanvanklike voorligting behoort reeds afgehandel te wees as die lesings begin, dog daarna vind opvolging en verdere leiding ten opsigte van studiegewoontes en kursusveranderings plaas.

5.4.3.3 <u>Gedurende die eerste jaar</u>

(a) Die werk van die instansies hierbo genoem gaan met die oog op vaslegging van die roetine van klasbywoning en selfstudie dwarsdeur die eerste semester voort. In hierdie tyd moet ook besondere voorligting met betrekking tot die gebruik van die biblioteek gegee word, en hiertoe behoort die voorligtingsdiens die hulp van die biblioteekpersoneel en dosente in te roep.

(b) Gedurende die eerste jaar ondervind studente ernstige probleme ten aansien van eksameneise. Die universiteitseksamen verskil van dié van die middelbare skool, en eerstejaarstudente weet nie watter toets- en eksamenvereistes dosente stel nie, hulle moet nuwe tegnieke van voorbereiding en belangrike klemverskuiwings bemeester, en hulle probleem word daardeur vererger dat eksameneise van vak tot vak verskil. Dit word aanbeveel dat dosente gedurende die eerste semester leiding ten aansien van eksaminering moet gee: verstrek 'n aanduiding van die vorm van die toetse en eksamens, die tipe vrae wat gestel word, en hoe die antwoorde beoordeel word.

(c) Aan die einde van die eerste semester behoort die voorligtingsdiens vorderingsverslae aan ouers van studente te stuur. Sodanige verslae behoort 'n beeld te verstrek van sowel akademiese as ander prestasies en leemtes, en die voorligtingsdiens behoort die nodige gegewens van die vak- en voogdosente, huisvaders en die Sportdirekteur te verkry.

(d) Gedurende die tweede semester is daar ook vir die dosent die geleentheid om remediëringswerk te verrig en vir die student om hulp te soek ten einde verkeerde opvattings wat ontdek is, reg te stel.

(e) Dit is die oorwoë mening van die Komitee dat as die probleme van aansluiting en die vaslegging van roetines in die akademiese lewe gedurende die eerste semester planmatig deur al die instansies aangepak word, die saak meer as halfpad gewonne is.

5.4.3.4 Gedurende die verdere voorgraadse jare

(a) Hier is van belang die tipiese "tweedejaarsmentaliteit". Die Komitee aanvaar dat dit hoofsaaklik 'n gevolg is van die ontgroeningsgees en dat dit in 'n groot mate sal verdwyn as die eerste jaar vir doeltreffende akademiese oriëntering en roetinering aangewend word. Die verwagting is dat die tweedejaarstudent dan groter ewewig sal bereik en op 'n meer verantwoordelike wyse sal leer voldoen aan die eise van die studentelewe.

(b) Dit spreek vanself dat toesig, bemoeienis en hulpverlening geleidelik sal verminder dog nie totaal gestaak sal word nie. Die akademiese probleme neem met die jare af, maar hierteenoor neem die probleem van die laat-adolessensie toe, nl. om die gevonde persoonlikheid op 'n aanvaarbare wyse in die gevarieerde eise van die universitêre kampus uit te leef.

(c) In die finale graadjaar kom die kwessie van die beroep opnuut sterk na vore. Dit is dus die jaar waarin beroepsgeoriënteerde voorligting weer sterk beklemtoon moet word.

6. DIE UNIVERSITEIT EN DIE STUDENT SE OUER

6.1 Dat die ouer hoog geag en gewaardeer moet word, behoef geen betoog nie. Die volgende is aspekte wat aandag behoort te geniet :

6.1.1 Korrespondensie en persoonlike kontak voor en tydens inskrywing van die student moet as 'n kosbare geleentheid beskou word. Feitlik van die st. VIII-jaar af behoort die Universiteit al in die toekomstige student belang te stel. Dit is vir ons uiters waardevol dat talle huise hulle kinders van geboorte af aan vir die P.U. oormerk. Hierdie kontak en belangstelling smee bande wat die student laat tuisvoel as hy/sy hier aanland en maak van hom/haar 'n meelewende lid van die universiteitsgemeenskap in al sy wel en wee. Hierdie hulpbron behoort ten volle ontgin te word.

6.1.2 Behalwe waar Teologiese Skool en Universiteitsdae gereël word of die Departement Ontwikkeling die kontak maak, behoort personeellede uit hulle pad te gaan om op te tree waar hulle genooi word. Dis gewoonlik oudstudente en studenteouers wat hierin die voortou neem.

6.1.3 Dit is essensieel om ouers, toekomstige ouers en oud-ouers voortdurend op hoogte van die sake van die P.U. te hou (beslis nie slegs as daar om donasies aangeklop word nie!)

6.1.4 Ouers getroos hulle groot finansiële opofferinge om hulle kinders hierheen te stuur en nog donasies te maak of hulle vir die P.U. te beywer. Die Universiteit moet daarom geleenthede skep waar ouers wat hierheen kom, onthaal kan word, met hulle kinders kan verkeer en tuis kan voel. Die ekstra besteding hieraan sal diwidende afwerp.

6.1.5 Dit is nodig dat daar veel gereelder en omvattender verslag aan die ouers oor hulle kinders gelewer sal word. Dit moet voorkom word dat ouers slegs geken word as hulle kinders verkla moet word van pligsversuim of wangedrag. Ouers sal dit waardeer as hulle ook van prestasie en waardering kan verneem. Vele ouers weet nie hoe min hulle kinders hier werk nie. Hulle dink maar die dosente is swak of hulle kinders is dom as hulle swak presteer. Ander ouers weet nie hoe passief hulle seun/dogter in die hele universitêre lewe is nie of hoe goed hulle in sommige opsigte presteer nie.

6.1.6 Die hele optrede van die Universiteit moet so positief op die student inwerk dat dit na die ouerhuis toe deurwerk. Dit is die allerbeste wyse om ons ouers, deur hulle kinders, aan die P.U. te bind en tot ŉ hegte eenheid saam te snoer. As sodanige eenheid verkry is, gaan elke student en ouerhuis getuienis vir die P.U. lewer, en daar gaan wedersydse bevrugting geskied. Ons het hier veral die uitgesproke Calvinistiese benadering van lewe en wetenskap in gedagte.

6.1.7 Die Universiteit moet geleentheid vir kritiek en wenke aan ouers bied. As hulle weet dat ons daarna luister, sal hulle dit op ŉ verantwoorde wyse doen. As ons geen oor daarvoor het nie, kan ons ook afbrekende bemoeienis verwag.

## 7. DIE STUDENT EN DIE KOSHUISLEWE

### 7.1 Invloed van koshuislewe op onderlinge verhoudinge

#### 7.1.1 Mans en dames

7.1.1.1 Oor die algemeen het die koshuislewe nie ŉ nadelige invloed op die verhouding tussen mans en dames nie, as gevolg van die gedragskode van die studente wat die invloed van onreëlmatighede tot die minimum beperk.

7.1.1.2 Veral die dames voel dat daar nie voldoende voorsiening vir sosiale verkeer tussen dames en mans gemaak word nie. Die sogenaamde intertees word dikwels nie goed georganiseer nie en word baiekeer aan eerstejaars oorgelaat. Om meer gesonde kontak tussen die geslagte te bewerkstellig word die volgende aanbeveel :

(a) Die voorsiening van ontspanningsale in koshuise met die nodige geriewe sodat mans en dames gesamentlik kan deelneem aan spele soos tafeltennis, ringtennis, pluimbal ens.;

(b) die voorsiening van 'n klavier en radiogram in die voorgestelde ontspanningsaal van elke koshuis;

(c) intertees moet meer dikwels as die bestaande twee per kwartaal gereël word; dit moet beter georganiseer word en die omgewing waar dit plaasvind, kan veraangenaam word deur opknapping van die terrein om die koshuise.

7.1.2 Juniors en seniors

7.1.2.1 Daar word reeds veel gedoen om eerstejaarstudente in te skakel by die koshuis- en die universiteitslewe en om die regte verhouding tussen eerstejaarstudente en senior studente te skep. By die manskoshuise is die stelsel van „Ouboete" in swang. Hiervolgens word in elke koshuis deur die Huiskomitee in oorleg met die Huisvader een of meer senior studente benoem om in die besonder behulpsaam te wees met betrekking tot die persoonlike, sosiale en akademiese aanpassing en vorming van eerstejaars en om in die algemeen die belange van die eerstejaars te behartig, sodat hulle gelukkige lede van die koshuissamelewing sal wees. Vir verdere besonderhede word verwys na die Reglement van Ouboete en Handleiding vir Ouboete.

7.1.2.2 In die dameskoshuise bestaan die sogenaamde monitorstelsel, wat inhou dat 'n senior damestudent aangewys word as monitor vir een of meer eerstejaarstudente wat min of meer dieselfde studierigting volg. Van die monitor word verwag om die student(e) aan haar toegewys behulpsaam te wees met haar/hulle studie, en van eerstejaars word verwag dat hulle hulle met hul studieprobleme na hulle monitors sal wend.

7.1.2.3 Hierdie reëling het begin 1964 die oudamestelsel vervang waarvolgens elke senior student aan die begin van die jaar vir haar 'n eerstejaarstudent gekies het. In die reël het ooreenstemmende studierigtings 'n belangrike rol gespeel by die keuse. Van eerstejaars is verwag om saans met teetyd 'n koppie tee vir hulle oudames te neem, by welke geleentheid hulle dan ongeveer 20 minute saam verkeer het, probleme bespreek het en op die wyse mekaar goed leer ken het.

7.1.2.4 Volgens inligting van studente ontvang is die bevinding van die dames dat die oudamestelsel beter resultate afgewerp het as die huidige reëlings en wel om die volgende redes :

(a) Die mate van verpligting ten opsigte van besoeke van nuwelinge aan oudames het persoonlike kontak bespoedig en vergemaklik, wat tot gevolg gehad het dat hulle hulle met meer vrymoedigheid tot die oudames gewend het om studie- en ander probleme te bespreek. Die huidige reëling, wat hoofsaaklik op leiding ten opsigte van en bespreking van studiepro-

bleme gerig is, bring mee dat die eerstejaar dikwels huiwer om haar monitor lastig te val en dat die nodige persoonlike kontak dikwels lank uitbly.

(b) Die oudamestelsel het die vorming van „jaargroepklieke" teengewerk, omdat studente dan minder geleentheid gehad het om tydens teetye in jaargroepe geïsoleerd met mekaar te verkeer.

7.1.2.5 Oor die algemeen bestaan die gevaar wel dat senior studente ŉ oordrewe besef van hulle senioriteit het, wat belemmerend inwerk op die verhouding tussen hulle en die eerstejaars en op die inskakeling van eerstejaars in die studentegemeenskap.

7.1.2.6 Verdere bevindinge kan soos volg opgesom word :

(a) Aparte koshuise vir eerstejaars word as onnatuurlik en onwenslik beskou, aangesien dit ongesonde groepvorming in die hand sal werk.

(b) Voorkeur word gegee aan die plasing van verskillende jaargroepe in dieselfde koshuis.

(c) Die saamvoeging van ŉ eerstejaar en ŉ senior student as kamermaats word sterk afgeraai,en dit word as wenslik beskou dat kamermaats oor die algemeen uit dieselfde jaargroep gekies moet word.

(d) In die geval van eerstejaars lewer kamermaatskap dikwels aanpassings- en ander probleme op, en dit word aan die hand gedoen dat persone met dieselfde studierigting sover moontlik saamgevoeg word.

## 7.2 Invloed van koshuislewe op die individu

7.2.1 Die koshuislewe bied voldoende geleentheid aan die indiwiduele student om tot volle ontplooiing te kom.

7.2.2 Die koshuislewe oefen onteenseglik ŉ vormende invloed op die student uit. Die mate van invloed word egter bepaal deur die student se instelling teenoor die koshuis en sy sosiale aktiwiteite. Aan die introvert bied dit byvoorbeeld geleentheid om tot ontplooiing te kom as hy hom „oopstel". Deur die intieme samelewing met ŉ groot groep medestudente word sosiale aanpasbaarheid, verdraagsaamheid en gemeenskapsgevoel bevorder.

7.2.3 Die groeps- of massagees is oor die algemeen positief maar té beperk tot afsonderlike koshuise om bevorderlik te wees vir die algemene universiteitsgees.

7.2.4 Tog kom kliekvorming wel ook voor, veral in groter koshuise, byvoorbeeld onder bewoners van ŉ bepaalde vleuel of verdieping van die gebou, by studente wat aan dieselfde jaargroep behoort of wat gemeenskaplike belange het. Sodanige groepvorming is natuurlik nie altyd ŉ ongesonde verskynsel nie, behalwe in gevalle van persone wat veronreg voel – ŉ verskynsel wat hom ook voordoen.

7.2.5 Die algemene indruk is dat die student welkom en tuis voel in sy koshuis. Negatiewe faktore in dié verband is :

(a) Vreemdheid by eerstejaars. Die sogenaamde „inlywing" help o.i. bepaald nie mee om hulle meer tuis te laat voel nie.

(b) Die feit dat sommige studente eers ŉ beroep beoefen het, bemoeilik hulle aanpassing.

(c) Verkeerde instelling van senior studente teenoor eerstejaars.

7.2.6 Die kosgangers is geneig om negatief krities te wees - ŉ verskynsel wat veral vanaf die laat-tweede jaar opgemerk word. Hier speel die senior student deur ŉ negatiewe voorbeeld dikwels ŉ groot rol. Dames is gewoonlik meer krities as mans teenoor klein dingetjies wat hulle persoonlik raak.

## 7.3 Invloed van koshuisomstandighede op studie

7.3.1 Koshuisreëls maak voorsiening vir tye wanneer stilte gehandhaaf moet word sodat studente ongestoord kan studeer. Tog is die bevinding dat omstandighede in die koshuise nie ten volle vir studie bevorderlik is nie. Daaruit spruit o.i. die volgende aanbevelings in verband met ander studiefasiliteite :

(a) Biblioteekure in die aande moet verleng word. (Die Biblioteek sluit tans om 10 nm.) Dit word veral as noodsaaklik beskou gedurende wintermaande vanweë die koue in onverwarmde kamers.

(b) Toetse moet beter gekoördineer word, sodat studente wat hulle vir toetse voorberei, nie deur die ander gesteur sal word nie.

(c) Dames behoort toegelaat te word om meer vryelik en later in die aand vir studiedoeleindes na ander koshuise te gaan as omstandighede in die eie koshuis studie belemmer. Dit geld veral in gevalle waar sosiale funksies in bepaalde koshuise op kort ingewing plaasvind.

7.3.2 Dit word sterk aanbeveel dat reëlings getref sal word om die omstandighede in alle koshuise in alle opsigte bevorderlik vir studie te maak.

## 7.4 Invloed van koshuislewe op die student se godsdienstige, kulturele en nasionale lewe

7.4.1 Die lewe in die koshuis oefen beslis ŉ vormende invloed uit op die student ten opsigte van al bogenoemde lewensterreine by wyse van kontak met medekosgangers en deur die groepsgevoel. Eerstejaars e.a. junior studente neem dikwels aanvanklik in groepe aan kulturele en nasionale aktiwiteite deel. Gevorderde studente se deelname geskied meer op grond van persoonlike belangstelling en oortuiging.

7.4.2 Ons studente kom uit verskillende huislike kringe, met die gevolg dat verskille in godsdiensoortuiging dikwels tot onderlinge wrywing aanleiding gee.

7.4.3 Ten opsigte van die godsdiens vind daar sowel positiewe as negatiewe beïnvloeding plaas. Ongereelde kerkgangers word byvoorbeeld beïnvloed om die kerk te besoek. Ongelukkig vind die omgekeerde ook soms plaas. Persone wat onverskillig staan ten opsigte van die godsdiens, beïnvloed andere soms sodanig dat hulle byvoorbeeld nie nagmaal gebruik nie. Verantwoordelike studente voel selfs dat die kerke evangelisasiewerk in die koshuise behoort te doen.

7.4.4 Studente voel dat hulle hulle predikante te min in die koshuise sien, en die behoefte word ook uitgespreek dat predikante en teologiese professore uitgenooi behoort te word om die aandgodsdiens in koshuise waar te neem.

7.5 <u>Beheer en dissipline in die koshuise</u>.

7.5.1 Besonderhede kan gekry word in :

Reglement van orde vir kosgangers (manskoshuise);
Reglement vir die verkiesing van huiskomiteelede (manskoshuise);
Handleiding vir huiskomiteelede;
Reglement vir die sentrale huiskomitee;
Serenades en ander nagtelike besoeke aan die dameskoshuise;
Huishoudelike reglement vir dameskoshuise;
Reglement van orde vir die dameskosgangers;
Dameshuiskomitee : verkiesingsprosedure.

7.5.2 Die algemene gevoel onder kosgangers is dat die bestaande beheermaatreëls soos uiteengesit in bogenoemde bylaes voldoende is en nie verder uitgebrei hoef te word nie. Die bestaande regulasies en reëlings behoort egter strenger toegepas te word.

7.5.3 Huiskomitees besit voldoende status en gesag soos neergelê in die betrokke regulasies. Hulle laat hulle egter nie altyd ten volle en na behore geld nie. Lede van huiskomitees behoort sterker na vore te tree en duideliker leiding te gee. Studente voel ook dat die hoofdame meer gesag behoort te hê, sodat sy kan beslis oor spesiale laataande, massaflieks, intertees ens. Die wenslikheid van so 'n reëling behoort egter baie grondig oorweeg te word alvorens aan die wenk gevolg gegee word.

7.5.4 Die volgende punte van kritiek teen koshuisreëls word veral deur damestudente, dikwels deur minderheidsgroepe, geopper :

(a) Die koshuisreëls lei nie tot die ontwikkeling van selfdissipline nie.

(b) Die inperking van dames behalwe op laataande. Die oplossing lê vir hulle in die (o.i. onwenslike) reëling dat studente alle aande tot 11.30 nm. vrygestel sal word behalwe op bepaalde aande wat vir koshuisaktiwiteite gereserveer word.

(c) Die aanteken van tye wanneer dames saans die biblioteek besoek, wat volgens hulle by 'n skoolkoshuis pas.

(d) Die gereelde kamerinspeksie, wat nie sy doel sou dien nie. Die betrokke dames voel dat hulle hulle opvoeding in hulle huise gehad het en verkies om hulle kamers te bewoon soos hulle dit goeddink.

(e) Sekere reëls sou skynheiligheid in die hand werk. Op Sondae mag byvoorbeeld nie gestryk word nie. Tog stryk die dames gereeld op Sondae in hulle kamers. „Die C.H.O.-beginsel word na buite uitgegee maar is meer skyn aangesien dit nie deur die studente self in die koshuise uitgeleef word nie."

(f) Ons gevolgtrekking is dat die bestaande koshuisregulasies en reëls voldoende is om by billike en konsekwente toepassing 'n ordelike koshuisgemeenskapslewe te verseker.

7.6 <u>Verhouding tot koshuispersoneel</u>.

7.6.1 In sommige koshuise het kosgangers die vrymoedigheid om probleme met die personeel te bespreek, in andere nie. Sommige matrones is minder genaakbaar as ander.

7.6.2 Die bevinding is dat min dames hulle met hulle probleme tot die huismoeder wend en dat hulle voorkeur sou gee aan 'n hoofmatrone in elke koshuis met wie hulle meer in kontak kom en tot wie hulle hulle derhalwe met groter vrymoedigheid kan wend.

7.6.3 „Soms word gevind dat matrones hulle by monde van studente teen mekaar afspeel, wat dikwels verdeeldheid in koshuise meebring."

7.7 <u>Redes vir koshuisverlating</u>.

As die belangrikste redes waarom studente die koshuise verlaat, word, benewens die leemtes onder paragraaf 7.8 genoem, die volgende gestel :

Aanpassingsprobleme, lawaai en saamhangende onvoldoende studiegeleenthede, ontevredenheid oor koshuisreëls en gevoel van ingeperktheid veral by dames.

7.8 <u>Leemtes in ons koshuiswese</u>.

Die volgende is 'n lys van sake wat aanleiding tot ontevredenheid gee en wat die aandag van die owerhede behoort te geniet :

7.8.1 Die voorbereiding van kos en die roterende dieet, wat eentonig raak. Kosgangers versoek dat die wenslikheid van die benoeming van ŉ dieetkundige ondersoek word.

7.8.2 Gebrek aan verwarming in die winter.

7.8.3 Onvoldoende warmwater en steurende rook van steenkoolvuurmakery.

7.8.4 Gebrek aan voetbaddens met ontsmettingstof in badkamers om infeksie te voorkom.

7.8.5 Gloeilampe wat te swak lig bied.

7.8.6 Kamers wat veral ten opsigte van klerekaste en boekrakke nie voldoende uitgerus is nie.

7.8.7 Gebrek aan ontspanningsgeriewe vir sosiale verkeer, ook tussen mans en dames. Behoefte aan ontspanningsale.

7.8.8 Gebrek aan ruimte waar dameshuiskomitees kan vergader.

7.8.9 Onbevredigende instandhouding veral van dameskoshuise en versorging van die terrein om koshuise.

7.8.10 Driepersoonskamers, wat as iets uit die bose beskou word.

7.8.11 Afvalverwydering by wyse van dose in gange, wat as baie onaangenaam ervaar word.

7.8.12 Gebrekkige sleepgeriewe.

7.8.13 Onvoldoende geriewe vir afleiding en ontspanning vir non-slepers.

7.8.14 Onduidelikheid oor toelaatbaarheid van rook deur dames in koshuise.

7.8.15 Die feit dat daar geen voorsiening vir vakansieverblyf in koshuise gemaak word nie, word as ŉ ernstige leemte aangevoel.

## 8. AANBEVELINGS.

### 8.1 Statutêre en nie-statutêre liggame.

8.1.1 Hierdie aspek van die verslag is ŉ opname en beoordeling van die stand van sake en is nie uitgevoer om besondere aanbevelings te doen of aan die studente voor te skryf wat gedoen moet word nie. Dit is slegs ŉ poging om die studente in hulle eie worsteling met die probleme te help.

8.1.2 Blykens die opname behoort die volgende sake die dringende aandag van die Studenteraad te geniet :

8.1.2.1 Die gesag en doestellings van die Studenteraad as liggaam is nie sodanig geformuleer dat dit sy status en bevoegdhede doeltreffend omlyn nie en dit behoort in 'n reglement nader omskryf te word.

8.1.2.2 Die Studenteraad behoort sy funksies te hersien, sodat dit 'n bestuursliggaam word wat beleid in die studentelewe en -sake bepaal en nie net 'n koördinerende liggaam is en/of word nie.

8.1.2.3 Die Studenteraad behoort te besin oor die mate en wyse van leiding wat hy as liggaam èn deur sy afsonderlike lede èn deur senior studente kan gee.

8.1.2.4 Die verhouding van die Studenteraad tot die „student as kosganger" is nie bepaal nie en kan miskien by heroorweging van belangegroepe in aanmerking geneem word.

8.1.2.5 Die wyse waarop genomineerdes „gekeur" word en die grondslag waarop dit gedoen word, is nie duidelik nie, en die vraag is hoe nominasie en verkiesing van die vyf funksionarisse doeltreffend en gesond kan geskied.

8.1.2.6 Is die belangeverteenwoordiging in die Studenteraad wat tans geld, die enigste moontlike, of is daar ook 'n ander meer organiese en funksionele verdeling moontlik?

8.1.2.7 Verteenwoordiging van ingeskrewe P.O.K.-studente op die Studenteraad kan oorweeg word.

8.1.2.8 Aan buitemuurse studente behoort òf verteenwoordiging in die Studenteraad gegee te word òf 'n „buitemuurse afdeling van die Studenteraad" moet vir hulle geskep word.

8.1.2.9 Dit kom voor asof daar 'n groter premie op leierskap geplaas kan word en doelbewuster daarop toegespits kan word om leiers te kweek.

8.1.2.10 Die Studenteraad kan gerus oorweeg om 'n „beplanningsraad" in die lewe te roep om die bestaande toestand te oorweeg en die hele organisasie van statutêre verenigings opnuut te beplan sodat „faksies" in lewendige „selle" georganiseer kan word.

8.1.2.11 Die Studenteraad behoort opnuut te besin oor die aard en doel van <u>Die Wapad</u>.

8.1.3 Benewens bogenoemde advies aan die Studenteraad word aanbeveel dat die voorgestelde <u>Reglement vir Raadsverteenwoordigers en Reisouers</u> aanvaar word.

8.2 <u>Onderlinge verhoudinge van studente</u>

8.2.1 Senior studente moet geaktiveer word om sterker leiding oor die hele terrein van die studentelewe te gee. Dit val op dat dit juis die senior studente is wat die verenigingslewe as't ware boikot. Korps, A.S.B. asook die sluitingsfunksies word nie deur die seniors bygewoon nie, en dit is juis hier waar hulle 'n voorbeeld moet stel. As hulle dit

sou bywoon, sal daar navolgers onder die juniors wees. Daar moet ŉ dringende beroep op ons senior studente gedoen word om hulle plig in hierdie opsig te doen, en die hele personeel moet meewerk om hulle te aktiveer.

8.2.2 Dit is opmerklik dat ŉ sterk individualistiese gees hierdie eeu kenmerk. Georganiseerde lewe ten opsigte van vergaderings of verenigings vind nie byval nie. Hierby moet aangepas word in die bearbeiding van studente, en dit maak sake uiters ingewikkeld. Dit beteken persoonlike bearbeiding, en daarvoor is mannekrag, betroubare manne en vroue, nodig. Die moontlikheid is oorweeg om ŉ seniorklub te stig, maar omdat daar ŉ afkeer is van hierdie vorm van organisasie, is die gedagte laat vaar. ŉ Verdere beswaar sou wees dat so ŉ klub vir seniores persone kan insluit wat nie na regte daar behoort nie, vanweë hulle eie gedrag en inbors. Dit is nietemin duidelik dat jong manne en vroue op ŉ wyse saamgegroepeer moet word, uitgelesenes, van wie bekend is dat hulle gebruik kan word om persoonlike bearbeiding te doen, te sorg dat die regte gees gekweek word en ons beginsels posvat. Die probleem wat ons gestel het, is mos juis dat ongebonde elemente ŉ suurdeeg binne die studentelewe vorm. Die enigste teëwig is ŉ ander gesonde suurdeeg. Dit moet op hoë vlak geskied. So ŉ suurdeeg kan op alle terreine kostelike werk verrig. Die vraag is natuurlik hoe so ŉ liggaam saamgestel moet word, want hier moet keurend te werk gegaan word. Moontlik sal ŉ Senaatskommissie, in samewerking met die Studenteraad se dagbestuur, hierdie taak kan behartig en sodanige kerngroep voortdurend van advies dien. Dit kan ook ŉ arm wees waardeur die Senaat en Rektor op breëre terrein die studentelewe kan beïnvloed.

8.2.3 Die Studenteraad behoort die dra van groen knopies deur eerstejaars af te skaf en onmiddellik die beoogde proses van inburgering van eerstejaars in werking te stel, sowel op die akademiese gebied as op die terreine van die georganiseerde en ongeorganiseerde studentelewe - soos in breë trekke hoër op uiteengesit.

8.2.4 Daar behoort ŉ goed toegeruste gemeenskaplike ontspanningsaal voorsien te word waar groepe mans en dames in ŉ gees van kameraderie kan verkeer en waar binnenshuise sosiale, kulturele en sportaktiwiteite beoefen kan word.

8.2.5 In dameskoshuise moet voorsiening vir ŉ aantal klein ontvangskamertjies gemaak word en die verskillende sitkamers moet van ŉ aantal sitplekke met hoë rugleunings en oogklappe voorsien word.

8.2.6 Daar moet ŉ ruim aantal rusbankies op die kampus aangebring word.

8.2.7 Reisouers en bestuurders van sportspanne moet die standpunt van die Universiteit ten opsigte van dans in ag neem.

8.2.8 Die Collegium van Huisvaders behoort na besoek aan ander universiteite en in samewerking met die Rektor oorweging te skenk aan weë en middele om studente, meer nog as in die verlede, op te voed tot uitlewing van aanvaarde gedragsnorme ook ten opsigte van die verhouding tussen die twee geslagte.

8.3 Verhouding van studente tot instellinge buite die Universiteit.

8.3.1 Die huisvaders behoort van tyd tot tyd die studente op te skerp om die eredienste gereeld by te woon.

8.3.2 Fasiliteite vir openbare partypolitieke vergaderings behoort nie op die kampus beskikbaar gestel te word nie.

8.3.3 Tot tyd en wyl die P.U. oor die nodige ontspanningsale beskik, behoort kerke genader te word om hulle sale, veral op Saterdagaande, tot beskikking van die studente te stel.

8.4 Die akademiese lewe van die student

8.4.1 Die Senaat behoort, in samewerking met die Administrasie en die voorligtingsdiens, te besin oor weë en middele om die student voor sy koms na die Universiteit, by sy aankoms en tydens registrasie, gedurende die eerste en tweede semesters en gedurende sy voorgraadse jare gekoördineerd en effektief te benader.

8.4.2 Die Senaat behoort ŉ duidelike beleid ten opsigte van eksaminering neer te lê ten einde te verseker dat tuiswerk en toetse ŉ integrerende deel van die akademiese program vorm.

8.4.3 Die Senaat behoort ŉ omvattende ondersoek na die omvang en aard van leerplanne in te stel, en gereelde hersiening van leerplanne is nodig om toekomstige oorlaaiing te voorkom en modernisering te verseker.

8.4.4 Die voogstudentestelsel behoort in ŉ geskikte vorm verder uitgebou te word.

8.4.5 Die Beheerliggaam vir Koshuise behoort weë en middele te vind om studie in die koshuise te bevorder.

8.4.6 Vakansietye behoort beter beset te word met voorbereiding vir toetse en eksamens en met gekontroleerde werkopgawes.

8.4.7 Personeellede behoort, nog meer as in die verlede, aangemoedig te word om ŉ lewendige belangstelling in die studenteaktiwiteite te toon.

8.4.8 Die voorligtingsdiens behoort tesame met die Studenteraad te besin oor weë en middele om gebalanseerde en gedifferensieerde deelname van studente aan ŉ verskeidenheid aktiwiteite te verseker.

8.4.9 Die universiteitsowerhede behoort alle moontlike pogings aan te wend om te groot klasse te voorkom.

8.4.10 Personeellede behoort, meer nog as in die verlede, deur hul akademiese bedrywighede 'n daadwerklike bydrae te lewer tot die skep van 'n positiewe beeld van die Universiteit by student, ouer en buitewêreld.

8.5 Die Universiteit en die student se ouer

8.5.1 Die nodige stappe moet deur die Departement Ontwikkeling gedoen word om reeds vanaf die standerd agt-jaar met toekomstige studente en hulle ouers kontak te maak en te handhaaf.

8.5.2 Personeellede behoort, soos in die verlede, uit hulle pad te gaan om te voldoen aan versoeke om voor gehore op te tree.

8.5.3 Die Departement Ontwikkeling behoort ouers, oud-ouers en toekomstige ouers voortdurend op hoogte van sake aan die P.U. te hou.

8.5.4 Ouers wat die P.U. besoek, behoort steeds gasvry onthaal te word, en daar behoort aan hulle geriewe beskikbaar gestel te word om met hulle kinders te verkeer - byvoorbeeld deur die voorsiening van klein ontvangskamers in koshuise.

8.5.5 Alle ouers behoort gereelde verslae oor hulle kinders te ontvang.

8.6 Koshuislewe

8.6.1 Benewens bogenoemde gemeenskaplike ontspanningsaal behoort koshuise voorsien te word van ontspanningsale met die nodige geriewe sodat mans en dames gesamentlik kan deelneem aan verskillende ontspanningsaktiwiteite. Daar behoort o.a. 'n klavier en radiogram voorsien te word.

8.6.2 Die huidige intertees behoort uitgebrei te word.

8.6.3 Voorkeur word gegee aan die plasing van verskillende jaargroepe in dieselfde koshuis.

8.6.4 Kamermaats behoort so ver moontlik uit dieselfde jaargroep gekies te word.

8.6.5 Biblioteekure behoort saans verleng te word.

8.6.6 Dames behoort, as studieomstandighede (byvoorbeeld weens sosiale funksies) in die eie koshuis dit noodsaak, meer vryelik toegelaat te word om in ander koshuise te gaan studeer.

8.6.7 Predikante behoort aangemoedig te word om die koshuise meer gereeld te besoek, en hulle, asook teologiese professore, behoort af en toe uitgenooi te word om die huisgodsdiens waar te neem.

8.6.8 Die bestaande reglemente ten opsigte van kosgangers is in die algemeen bevredigend dog behoort deur die Beheerliggaam vir Koshuise hersien te word om enkele knelpunte moontlik te verlig, en die reglemente behoort streng toegepas te word.